***Perspektiewe uit Prediker: ’n studie met meditasie oor die sin van die nuwe lewe in Christus*** deur Andries Snyman. Uitgegee deur dr. A. H. Snyman, Posbus 29084, Danhof, 9310. E-pos: asnyman44@gmail.com. Tel: 051 436 3405. Sel: 074 215 3070.

Hierdie Bybelstudieboekie is die resultaat van deeglike navorsing oor die boek Prediker en die wyse waarop die Prediker in ’n uitgebreide argument met die wysheidsleraars van sy tyd gewikkel is om daardeur hulle teorieë te weerlê. Hulle onderskryf die vergeldingsteorie, waarvolgens daar ’n direkte verband tussen oorsaak en gevolg is. Dr Andries Snyman was predikant op Klerksdorp, professor in Grieks by die UV, dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en vir twee termyne voorsitter van die Nasionale Raad van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA). Hy was ook as brontaalkenner betrokke by die *Nuwe Testament en Psalms: ’n direkte vertaling,* wat in 2014 deur die BSA uitgegee is as proefvertaling vir ’n hersiene vertaling van die Bybel in Afrikaans.

In my opinie is die boek presies wat deur die titel gekommunikeer word. Elke gedig in die boek Prediker word uitgelê en daarna word ’n perspektief uit die Nuwe Testament aangebied omdat die Prediker self geen antwoorde op aktuele kwessies soos korrupsie, rykdom en armoede, onreg, verdrukking en so meer bied nie. Vir Snyman is die waarde van die boek Prediker daarin geleë dat dit die lewe van die mens sonder Christus uitbeeld: volslae sinloos (sien ‘Agterblad’). Die doel van die boek is dat dit vir persoonlike Bybelstudie of deur Bybelstudiegroepe gebruik kan word.

Die boek is gestruktureer volgens die belangrikste temas in die boek Prediker. ‘1:1 Opskrif’ (pp. 13-14) handel oor die titel van die werk en die bekendstelling van die skrywer. Dit verduidelik dat Salomo nie die skrywer van die boek Prediker is nie; dit word deur die meeste geleerdes so aanvaar. ‘1:2-11 Alles is sinloos’ (pp. 15-20) dien as ’n kort samevatting om aan te dui dat alles in die lewe sinloos is. Snyman verduidelik die gebruik van die retoriese vraag, wat ’n belangrike rol in Prediker speel. Hy wys op die eensydigheid van die Prediker se perspektief en op interessante ooreenkomste en verskille tussen die Prediker en Paulus se perspektiewe in

byvoorbeeld Romeine. Hy is oortuig dat die Prediker ons tot insig van ons verganklikheid bring. Alleen die Here kan iets weer nuut maak en hoop gee in ’n sinlose wêreld (p. 19-20). Dié gedeelte word afgesluit met toepaslike besprekingsvrae oor elke gedig tot aan die einde van die ‘Kommentaar’.

**‘1:12–2:26 Die koning se proefnemings’** (pp. 21-34) het verskeie afdelings- en onderafdelings, naamlik ‘Tema A: Alles wat in die wêreld gebeur (1:13–15)’; ‘Tema B: Wysheid (1:16–18)’; ‘Tema C: Plesier en vrolikheid (2:1–2)’; ‘Tema C1: Vreugde en plesier (2:3–11); ‘Tema B1: Wysheid (2:12–17)’; ‘Tema A1: Alles waarmee die mens hom besig hou (2:18–23)’ en ’n ‘Konklusie’. Snyman verduidelik dat die laaste drie onderafdelings ’n spieëlbeeld van die eerste drie onderafdelings is en stel dit soos volg voor (pp. 27-28):

1:13–15 Tema A: Alles wat in die wêreld gebeur

- v. 13 die proefneming
- v. 14 die gevolgtrekking
- v. 15 die spreuk

1:16–18 Tema B: Wysheid

- v. 16 die proefneming
- v. 17 die gevolgtrekking
- v. 18 die spreuk

2:1–2 Tema C: Plesier en vrolikheid

- v. 1a die proefneming
- v. 1b die gevolgtrekking
- v. 2 die spreuk

In omgekeerde orde (as spieëlbeeld):

2:3–11 Tema C1: Vreugde en plesier

- vv. 3–10 ondernemings wat aangepak is om plesier te verskaf
- v. 11 gevolgtrekking
- 2:12–17 Tema B1: Wysheid
- vv. 12–15 nadenke oor wysheid en dwaasheid
- vv. 16–17 gevolgtrekking

2:18–23 Tema A1: Alles waarmee die mens hom besig hou

- vv. 18–21 nadenke oor die persoon wat die vrugte ops/haar arbeid gaan pluk
- vv. 22–23 gevolgtrekking'

In die langste van al sy gedigte stel die Prediker homself voor as koning wat verskeie proefnemings gedoen het. Die gevolgtrekking wat hy bereik, is: 'Alles is sinloos en 'n gejaag na wind.' Die Prediker sien in die gang van sake die magteloosheid van die mens en vanuit dié perspektief lyk die lewe vir hom sinloos en tervergeefs. Alhoewel die Prediker se siening eensydig aangevoer word, erken Snyman dat dit wat die Prediker sê, wel waar is. Hy is ook van mening dat die Prediker siening ons daarvan weerhou om te veel selfvertroue te openbaar en dat die dood die laaste sê het, want dit wis alle verskille tussen mense uit. Hy beklemtoon verder dat die standpunt die volle waarheid is, maar dat dit geen ruimte vir hoop laat nie. Die geloof in Christus keer die Prediker se pessimisme egter om. Snyman sluit af met die gedagte dat die boodskap van die boek Prediker ons 'n beeld gee van 'n Christus-lose lewe en ons laat hunker na die Iemand wat aan ons lewe sin kan gee (p. 34).

**'3:1–4:16 Sewe gedigte oor tyd en gebeurtenisse'** sluit die volgende temas in (pp.35-87):

'1. 'n Geleentheid vir elke ding, 3:1–9' (pp. 35-42):

Snyman wys daarop dat elkeen van die 14 verse in 3:2–8 'n teenstellende uitspraak bevat. Die Prediker gee nie raad oor hoe die mens bepaalde omstandighede moet hanteer nie, maar beskryf gewoon hoe hy die lewe ervaar het (p. 40). Snyman beklemtoon die onrustigheid in die gedig, die aanhoudende onsekerheid in die gebeure en die eentonige sirkelgang in die herhaling van die gebeure (p. 41). Hy verduidelik die eensydigheid van die Prediker se perspektief en die verskil wat die hoop in Christus vir ons gebring het (p. 42).

'2. Nadenke oor God se dade en gawes, 3:10–15' (pp. 43-48):

Volgens Snyman staan hierdie gedig in direkte verband met die voorafgaande een in 3:1–9 en verduidelik dat 3:1–4:16 almal onder die opskrif 'Tyd en gebeurtenisse' gebundel kan word (p. 44). Die gevolgtrekking waartoe die Prediker in 3:12–13 kom, is dat ons die lewe moet geniet (p. 45). Die slotgedeelte

(3:14–15) is volgens Snyman ’n belydenis van die Prediker oor God en sy werke (p. 46). Dit kom daarop neer dat God se handelinge blywend is en die mens niks daaraan kan verander nie. Dit is dus ’n ‘eindelose draaikolk wat deur God beheer word’ (p. 47). Snyman se standpunt is dat die waarde van die Prediker se perspektief geleë is daarin dat hy mense op die sinloosheid van die lewe wys en toon hoe die lewe sonder Christus daar uitsien.

‘3. Onreg, 3:16–22’ (pp. 49-55):

Tot nou toe het die Prediker nie op bepaalde misstande in die lewe gewys nie. Die eerste waarna hy verwys is ‘onreg’ (p. 54), gevolg deur twee gedigte oor arbeid en een oor die wispelturige aard van volksguns, wat die tema oor tyd en gebeurtenisse afsluit (p. 50). Die sinloosheid van die lewe bring die Prediker tot die gevolgtrekking dat die mens maar ‘vreugde in sy arbeid moet vind, want dit is sy beloning’ (3:22). Snyman stem saam met die Prediker se gevolgtrekking dat die dood op ons almal wag, maar meen dat dit eensydig is. Hy meen die koms en opstanding van Christus bring ’n heel nuwe perspektief op die mens se lewensvreugde en die hierna, met die wete dat daar ’n sinvolle bestemming aan die einde van alles op ons wag (pp. 54-55).

‘4. Verdrukking, 4:1–3’ (pp. 56-60):

Snyman voer aan dat die gedig uit twee dele bestaan: dit begin met iets wat die Prediker waargeneem het (4:1) en dan bereik hy ’n gevolgtrekking op grond van sy waarneming (4:2–3). Die gedig is nou verwant aan die vorige een oor onreg; in albei gaan dit oor wat mense mekaar aandoen en die uitweg wat die dood bied. Snyman verklaar dat die Prediker se standpunt oor die waardeloosheid van die lewe eensydig is en dat die nuwe lewe in Christus ’n verskil aan ons werklikheid maak.

‘5. Werkywer en naywer, 4:4–6’ (pp. 61-66):

Die gedig in 4:4–6 en die een in 4:7–12 gaan albei oor werkywer, maar met ’n klemverskil. In die eerste geval word ‘menslike arbeid vanuit die perspektief van naywer beskou en in die tweede vanuit die gesigshoek van eensaamheid’ (p. 61). Volgens Snyman tree die Prediker in gesprek met die ouer leermeesters wat

luiheid kritiseer en werkywer aanprys (p. 62). In 4:5 sê Prediker presies dieselfde. ‘Die Prediker verskil egter van die ouer leermeesters daarin dat hy die een sowel as die ander beskou as ’n gejaag na wind (4:4 en 4:6)’ (p. 63).’ Snyman volstaan hier ook nie met die Prediker se perspektief nie – al het dit iets van die waarheid beet (p. 64). Hy wys op Paulus se positiewe benadering tot arbeid (Kol. 3:23–24) – Christene moet alles doen ‘asof vir die Here en nie soos vir mense nie’ (pp. 65-66).

‘6. Werkywer en eensaamheid, 4:7–12’ (pp. 67-71):

Volgens Snyman sluit die gedig ten nouste aan by die vorige een (4:4–6) en is die Prediker steeds besig om van die ouer leermeesters te verskil oor werkywer. Volgens hulle het werkywer saamgehang met rykdom. Die Prediker bevraagteken die waarde van harde werk en rykdom indien ’n mens nie kind of kraai het nie. Snyman wys op die Nuwe Testamentiese perspektief op kluisenaarskap en arbeid (p. 70). Volgens hom moet Christene verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar, na mekaar omsien en mekaar help en versorg. Daardeur word hul eensaamheid en sinloosheid in die lewe verdryf.

‘7. Wysheid en volksguns, 4:13–16’ (pp. 72-78):

Dit is die laaste gedig van die tema ‘Tyd en gebeurtenisse’. Snyman merk op dat die Prediker hier ook, soos in die vorige gedig (4:9), op grond van die vergelyking ‘beter-as’ redeneer. ‘Verstandigheid of wysheid word gekontrasteer met dwaasheid en eersgenoemde is beter as laasgenoemde’ (p. 72). Die Prediker tree weer eens in gesprek met die ouer wysheidsleraars en hy stem in ’n mate met hulle saam. ‘Sy doel is slegs om te illustreer dat wysheid nie opgewasse is teen die grille van die gepeupel nie’ (p. 75).

**‘4:17–5:8 Oor praat en stilbly’** (pp. 79-87): Snyman identifiseer vier vermanings in die afsonderlike gedig wat handel oor hoe om met God om te gaan. Dit verskil dus van die vorige sewe gedigte wat handel oor tyd en gebeurtenisse: Die eerste vermaning handel oor offers wat tydens die erediens gebring word (4:17); die tweede oor die beoefening van gebed (5:1); die derde oor die maak van geloftes (5:3–4); en die vierde oor praat en swyg in die erediens (5:5). Snyman kom tot die gevolgtrekking dat die

vermanings en die retoriese vraag aan die einde van 5:5 dieselfde funksie het, naamlik om op die ontsagwekkende grootheid van God te wys (p. 83).

In 5:6 volg ’n spreuk, naamlik dat ‘baie woorde op godsdienstige terrein nie net sinloos’ is nie, maar ‘ook skadelik’. Die Prediker doen ook ’n oproep tot die mense, naamlik dat hulle God moet vrees (p. 84). Alhoewel die tema van ‘baie en min woorde’ oënskynlik nie in verse 7 en 8 voorkom nie, voer Snyman redes aan waarom 5:7–8 wel by hierdie perikoop hoort (p. 84). Volgens Snyman waarsku die Prediker ons ‘teen ’n al te gemoedelike omgang met God’ en wys hoe ver verwyderd Prediker is van dit wat oor ons verhouding met God in die Nuwe Testament gesê word (vgl. Joh 14:13–14; Ef 2:18–19).

**‘5:9–6:9 Die waarde(loosheid) van rykdom:’** Die gedig beoordeel die verskynsel van rykdom vanuit verskillende perspektiewe (p. 91). Die Prediker beklemtoon dat God ons aardse weldade gee en ons mag ons daarin verlustig en Hom erken as die Gewer daarvan (p. 93). In hoofstuk 6 keer die Prediker weer terug na die skadukante van die rykdom en noem aanvanklik nie weer dat die vermoë om die goeie te geniet ’n gawe van God is nie (pp. 97-100). Snyman wys op die retoriese vraag in vers 8 en hoe die Prediker weer op kenmerkende wyse besig is om met die ouer wysheidsleraars te argumenteer. Rykdom is volgens Prediker – in teenstelling met die leermeesters – nie positief nie, want daar is net te veel onbekende faktore in die lewe om ’n positiewe waarde daaraan toe te ken. Snyman wys op die gedeeltes in die Nuwe Testament oor die gevare van rykdom en geld (bv. 1 Tim 6:10; Jak 5:4–6; Mt 6:24; Mt 10:21–23;. Hy wys daarop dat ‘rykdom een van die grootste seëninge’ kan wees ‘wat die mens van God ontvang; die regte gebruik daarvan lei tot ’n sinvolle en vervulde lewe’ (p. 99).

**‘6:10–8:1 Sewe gedigte oor menslike onkunde en die waardeloosheid van wysheid’** sluit die volgende in (pp. 101-142): ‘1. Die mens se onmag en weerloosheid, 6:10–12’ (pp. 101-107); ‘2. Hou rekening met die dood, 7:1–4’ (pp. 108-112); ‘3. Wysheid en omkoopgeld, 7:5–7’ (pp. 113-116); ‘4. Stilswye en wysheid, 7:8–10’ (pp. 117-122); ‘5. Die waarde(loosheid) van die wysheid, 7:11–14’ (pp. 123-128); ‘6. Wysheid en die uiterstes, 7:15–22’ (pp. 129-133) en ‘7. Die onmag van die wysheid, 7:23–8:1’ (pp. 134-142).

**“8:10-10:11 Sewe gedigte oor vergelding en wysheid”** (pp.150-194) is ‘n derde bundle van 7 gedigte, wat handel oor: ‘1. Is daar enige regverdige vergelding?, (8:10-15’ (pp. 150-157); ‘2. God se werk is onverstaanbaar, 8:16-17’ (pp.158-163); ‘3. Oor God se vergelding, 9:1-10’ (pp.164-173); ‘4. Die mens wik – die lot beskik, 9:11-12’ (pp.174-178); ‘5. Wysheid en diskriminasie, 9:13-10:1’ (pp.179-184); ‘6. Wysheid en dwaasheid, (pp.185-189); ‘7. Wysheid en toeval, 10:8-11’ (pp.190-194).

Albei laasgenoemde twee groepe van 7 gedigte elk het die outeur op dieselfde wyse ontleed en beskryf as by my bespreking van die eerste groep van 7 hierbo (pp.35-78): ’n analise van die struktuur van die gedig, gevolg deur ‘n beskrywing van die perspektief wat die Prediker bied op die saak of knelpunt wat hy in die wêreld waargeneem het en wat hom deurlopend lei tot die konklusie dat alles tevergeefs is; afgesluit met ‘n perspektief uit die Nuwe Testament op die betrokke knelpunt wat alles sinloos maak.

Ter opsomming meen Snyman: ‘Vir die Prediker hang alles van die vrymagtige beskikking van God af, en nie van menslike pogings of wysheid nie’ en ‘die Christengelowiges beleef ‘alles wat met hulle gebeur, as deel van God se genadige en liefdevolle beskikking in hulle lewe – al kan hulle dit nie verstaan nie’ (pp. 141-142). Hy wys ook voortdurend op die Prediker se stryd teen die wysheidsleraars, hoe alles eintlik in ’n doodloopstraat eindig en hoe die Nuwe-Testamentiese perspektief hiervan verskil (pp. 140-142). Met twee laaste en losstaande gedigte sluit die Prediker sy bundel af:

**‘11:1–6 Oor risiko’s’** (pp. 205-211). Die gedig word in drie dele verdeel, naamlik 11:1–2, 3–4 en 5–6’ (p. 206). Die kwessie van risiko (sekerheid en onsekerheid) speel hier ’n sentrale rol (p. 206). Snyman wys op die *antilogion* (twee teenstrydige raadgewings) wat in die verse voorkom en hoe die sieninge van die ouer leermeesters weer deur die Prediker weerlê word (pp. 207-210). Volgens Snyman is daar dikwels ooreenkomste en verskille tussen die Prediker en Paulus se perspektiewe oor ’n saak. Hy meen dat die Prediker vir ons as Christene wys ‘hóé riskant en onseker alles sou gewees het, hóé sonder sin – as God nie deur Christus ingegryp het nie (p. 211).

**‘11:7–12:8 Oor jonkwees en die dood’** (pp. 212-221) is die slotgedig en seker die bekendste in die boek (p. 214). Die gedig sluit drie temas in, ‘naamlik 11:7–8 (met as tema: geniet die lewe); 11:9–10 (hou die dood voor oë) en 12:1–8 (die aftakeling van die ouderdom en die uiteindelike dood)’ (p. 214). Die gedig word met ’n metafoor geopen ‘waarin die voortreflikheid van die lewe besing word’, maar elke eenheid of tema word telkens met die sinloosheidsverklaring afgesluit (pp. 214-219). Ook hier bring Snyman ’n Nuwe-Testamentiese perspektief op die Prediker se somber gevolgtrekking (vlg. 1 Kor. 15): ‘Danksy Christus se oorwinning aan die kruis, kan ons saam met Paulus uitroep: Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel? (1 Kor. 15:55).

**‘12:9–14 Twee naskrifte’** (pp. 222-226) is volgens Snyman duidelik nie die werk van die Prediker nie. Hy is van mening ‘die gedeelte bestaan uit twee afdelings: 12:9–11 [wat deur ’n leerling of volgeling van die Prediker geskryf is en as ’n soort getuigskrif beskou kan word] en 12:12–14 [wat van ’n kritikus afkomstig is]’ (pp. 222-225). Die slotsom aan die einde (12:13b en 14) verskil ook van die Prediker se lering. Snyman voer aan dat die doel van die Bybelstudieboekie dieselfde is die doel van ‘die skrywer van die tweede naskrif’, naamlik ‘om “naskrifte” te plaas ná elke gedig in die boek’, want dit wat die Prediker verkondig is ver verwyderd van dit wat ons as Christene glo. Die waarde van die boek Prediker is daarin geleë dat ons iets van die ‘moderne mens se belewing van sinloosheid hier ontdek’ – ’n sinloosheid waarvan ons ‘alleen bevry kan word deur geloof in die opgestane en verheerlikte Christus’ (p. 248).

Snyman lewer ’n belangrike bydrae om ’n ingewikkelde boek soos Prediker vir gelowiges te ontsluit deur riglyne vir Bybelstudiegroepe te verskaf. Die neiging onder baie gelowiges is om die boeke van die Ou Testament te ignoreer en hoofsaaklik op die Nuwe Testament (en moontlik die Psalms) te konsentreer. Die waarde van die kultuurhistoriese agtergrond (soos weerspieël in die Ou Testament) waarteen die boodskap van die Nuwe Testament verstaan kan word, kan nie oorbeklemtoon word nie.

**Magdel le Roux**, Department of Biblical and Ancient Studies, Unisa.
E-mail: Lrouxm1@unisa.ac.za. DOI: https://doi.org/10.25159/1013-8471/3134